Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2016

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

*AFRFA3*

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Opstel | (50) |
   | AFDELING B: | Langer transaksionele tekste | (30) |
   | AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer die skryfstukke soos wat dit op die vraestel verskyn.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

1.1 Hierdie dinge in my lewe maak my trots. **[50]**

1.2 Dis nie net 'n mediese dokter wat jou kan genees nie. **[50]**

1.3 Suid-Afrikaners glo in Ubuntu. **[50]**

1.4 Daarom noem ek hom/haar 'n Engel. **[50]**

1.5 'n Lewe sonder sosiale media. **[50]**

1.6 Kies EEN van die visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n **titel**. Jou opstel moet direk by die kern van die prent aansluit.

1.6.1



[Bron: www.google.co.za] **[50]**

1.6.2



[Bron: www.google.co.za] **[50]**

1.6.3



[Bron: www.google.co.za] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 **SIMPATIE-BRIEF**

Jou beste vriend (in) het aan **Idols 2016** deelgeneem. Ongelukkig het hy/sy nie die top 10 gemaak nie. Hy/Sy is baie teleurgesteld hieroor, want dit sou ’n wonderlike geleentheid gewees het om hom/haar talent aan die wêreld te wys.

Skryf nou ’n **brief** aan jou maat waarin jy met hom/haar simpatiseer oor die situasie en verduidelik dat daar wel ander geleenthede sal wees om sy/haar talent te wys. **[30]**

2.2 **HULDEBLYK**

Een van jou klasmaats het onverwags in ’n ongeluk gesterf. Jy is namens die familie gevra om sy/haar huldeblyk by die begrafnis te lewer.

Skryf die **huldeblyk** wat jy by die begrafnis gaan lewer. **[30]**

2.3 **RESENSIE**

Julle sportklub het ’n uitstappie na die nuwe restaurant op die dorp gehad. Die kos en diens was baie aangenaam. Jy was so beïndruk met die restaurant dat jy besluit het om ’n resensie vir jou skoolkoerant te skryf.

Skryf die **resensie** waarin jy vertel waarom jy die restaurant vir ander klante sal aanbeveel. **[30]**

2.4 **DIALOOG**

Jy is in die finale rondte van ’n kompetisie waarvan die prysgeld ’n studiebeurs is. Nou moet jy ’n onderhoud met die hoofborg, mnr. Brandt van Pepkor, voer om te bewys dat jy die beste kandidaat is om die beurs te wen.

Skryf die **dialoog** tussen jy en mnr. Brandt waarin jy hom oortuig dat jy die geskikste kandidaat is om die beursgeld te wen. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

3.1 **PLAKKAAT**

Jou skool het besluit om deel te neem aan Mandela-dag.

Ontwerp ’n **plakkaa**t waarin jy die leerders uitnooi om daaraan deel te neem.
Dui daarop aan wat julle vir die 67 minute gaan doen. **[20]**

3.2 **POSKAART**

Jy is ŉ uitruilstudent wat vir die eerste keer in ŉ vreemde plek woon.

Skryf ’n **poskaart** aan jou ma/pa waarin jy hulle vertel hoe jy jou nuwe tuiste ervaar. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Skryf minstens **AGT (8) verkeersreëls** neer wat jou vriend (in) kan gebruik om hom/haar vir ’n rybewys/motorlisensietoets voor te berei. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou